

12 September

Skrifgedeelte: Matteus 25:14-30

Die ontsluiting van waarde

Ontsluiting van waarde is 'n bekende begrip in die sakewêreld. Waarde moet ontsluit en toegevoeg word. Hieraan word die sukses van 'n maatskappy gemeet.

In hierdie gelykenis van Jesus gaan dit oor dié begrip. Die eienaar wat op reis gegaan het, het aan sy slawe goue muntstukke gegee: aan die een vyf, aan 'n tweede twee en aan 'n derde een. Sy opdrag was om daarmee handel te dryf totdat hy terugkom (Luk 19:13)! Ontsluit die waarde van die muntstukke! Voeg waarde daaraan toe! Ons ken die gelykenis. Die een met die vyf goue muntstukke, het vyf ander verdien, die een met die twee, nog twee, maar die een met die een muntstuk het syne in die grond begrawe.

Die begrip *ontsluiting van waarde* tref ons reeds in die paradys aan. Paulus beskryf dit so (Rom 5:12): “Deur die een mens het die sonde in die wêreld gekom en deur die sonde die dood, en so het die dood tot alle mense deurgedring.” Dit was 'n ontsluiting van sondige waardes. In dieselfde paradys hoor ons die eerste belofte van die Verlosser wat sal kom. Veel later word 'n Seuntjie in 'n krip gebore wat 'n hele wêreld in beweging sou bring: herders agter hulle skape wat die blye boodskap hoor, wyse manne wat van ver kom en 'n engelekoor wat opklink. God gee in sy liefde 'n wonderlike Talent. Hy gee sy Seun! Wat doen die wêreld? Hulle begrawe hierdie Talent, maar God beskik dit so dat hierdie Talent se waarde ontsluit word. Hy is bestem as die Verlosser en Saligmaker, sodat baie deur die gehoorsaamheid van een Mens vrygespreek word (Rom 5:19). By die wederkoms van Jesus sal die finale ontsluiting van waarde plaasvind en dit sal uitloop op die bruilofsmaal van die Lam.

Ons spartel om ons eie belegginkies te laat groei, die besigheidswêreld werk koersagtig om 'n maksimum wins te maak en finansiële markte is ingestel op die toevoeging van waarde. God het in sy groot liefde die grootste waarde ooit in sy Seun Jesus Christus ontsluit – vir ons ewige saligheid! Die vraag is: Waardeer ons dit genoeg? Besef ons die waarde hiervan?

Sing: Psalm 118:9 Ds PJ van der Walt (Bethlehem)